



'N WONDERLIKE SMS

Ek lees graag die SMS-rubriek in *Beeld* omdat dit soveel weerspieël van ons mense se waardes en denke. Ek verbaas my veral oor al die stommiteite wat mense kan kwytraak en die venyn teenoor andersdenkendes. In Vrydag, 21 Okt, se *Beeld* lees ek toe hierdie juweel raak wat Eloise van Groot Marico ingestuur het en wat ek graag met julle deel: "As donderweer die reëndruppels brullend roep, kom dans die wind verspot 'n riel met die stof op ons stoep. Engele neem foto's blitsend van bo, gesigte van mens en dier vol hoop en van glo. Ons Skepper draai die hemel se sluise oop en 'n glimlag lê diep in Sy oë terwyl Hy die aarde seën".

Hoe mooi en treffend weerspieël dit nie die vreugde, verligting en dankbaarheid by mens en dier oor die goeie reën wat geval het nie. Saam wil ons jubel oor die groot seën van die reën en saam wil ons die Here loof en dank vir sy genade en goedheid. Ons vertrou dat daar nog baie meer reën sal kom sodat ons damme weer vol kan word en die boere ons kos uit die grond uit sal kan boer.

Sover ek weet, is ons matrikulante besig met die eksamen. Aan hulle en hul ouers wil ons net die beste toewens vir hierdie spanningsvolle tyd en vir goeie uitslae. Ons dink ook aan die universiteitstudente wat nie weet of hulle eksamen sal kan skryf en die akademiese jaar

sal kan voltooi nie. Ons hoop van harte dat dit sal kan gebeur. Ons wil julle verseker dat ons aan julle en julle ouers dink in hierdie chaotiese tye vanweë die minderheid studente se onsinnige geweld. Mag julle hierdie akademiese jaar suksesvol voltooi.

Hier is die nuwe *Die Kandelaar*. Hoop julle put genot uit die lees daarvan.

Daan en Jansie Kilian.

MENSE SE GRENSE

Op Sondag, 16 Oktober, was ek redelik vroeg in die kerk en lees toe *Die Aankondiger* noukeurig deur. Ds Gideon se skriflesing vir die oggend is daarin aangedui as Gen 1-3 en Gal 5:13 en sy tema as *Wie is die mens? Deur God geplaas tussen grense*. Ek lees toe die skrifgedeeltes deur met die tema van *grense vir mense* in my gedagtes. In sy preek het ds Gideon daarop gewys, as ek reg verstaan het, dat die een grens wat die mens nog altyd probeer oorskry het, is om soos God te wil wees. Die ander grens is dié van dier wees – wat die mens soms ook oorskry met sy banale gedrag. Die grense vir die mens is dus dat hy nie God moet/kan wees nie aan die een kant en ook nie dier moet wees nie aan die ander kant, maar die gedrag moet openbaar wat Christus ons geleer het, nl dié wat gedryf word deur die liefde (agapē).

Toe ek die betrokke skrifgedeeltes

voor die diens lees – dus voordat ek die preek gehoor het – het ek vir myself die volgende *grense* geïdentifiseer as rigtingwysers vir my gedrag as Christen:-

Gen 1:26,27. Die grense waarbinne my gedrag moet val, is dat ek so moet optree dat mense in my gedrag kan sien dat ek 'n verteenwoordiger van God is ... dat ek die beeld van God vertoon tussen die baie tipes gedrag wat juis nie iets weerspieël van God, die Skepper, se beeld nie. Dalk weerspieël die meeste mense se gedrag die teenoorgestelde, nl juis opstand teen en verwerping van God. In so 'n omgewing word van my as Christen verwag om **verteenwoordiger** van God, my Skepper, te wees. In my gedrag moet mense kan sien en lees hoe God werklik is.

Hierdie gedagte beteken ook dat ek my eie gedrag voortdurend moet toets aan die opdrag om beelddraer en verteenwoordiger van God op aarde te wees.

Gen 2:7. Hierdie vers het my laat besef dat my lewe die lewe is wat God self aan my gegee het en wat Hy elke dag onderhou. My asem en my gees is God se asem en Gees. Daarom moet die manier waarop ek my lewe bedryf, weerspieël dat ek God se lewe in my vertroetel en bewaar. Ek moet elke dag lewe in die besef dat my lewe aan my gegee is as 'n gawe van God.

Gen 2:16,17. Juis omdat ek so

REDAKTEURS: Daan en Jansie Kilian

E-pos: daankilian@gmail.com/jansie@cpro.co.za

Telefoon: (012) 667-6929

sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz

Medewerker: Jaco Kriek

'n besondere taak as Christen het (om verteenwoordiger van God te wees) en so 'n besondere gawe in my dra (nl die lewe en die Gees van God self), moet ek ook gehoorsaam wees aan die opdragte wat God my gee – soos die bevel wat Hy aan Adam en Eva gegee het. Hulle het gefaal, dus ongehoorsaam daaraan gewees. So faal ons ook maklik en begaan sonde. Gelukkig eindig die Bybel nie met die skeppingsverhaal nie, maar vertel ons ook van die **herskepping** in Christus. In Hom ontvang ons vergifnis van sonde en ook 'n nuwe lewe wat dit vir ons moontlik maak om gehoorsaam te kan wees aan sy voorskrifte.

Gal 5:13. In Christus het ons die vryheid ontvang om in vrede met God te leef en God se gebooie te gehoorsaam. En die kern van die gebooie is wat Christus ons self geleer het: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. As ons hierdie kerngebod kan uitleef, dan bewys dit ook dat ons God liefhet, soos Johannes skryf in 1 Joh 4:20,21: "As iemand sê: 'Ek het God lief', en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie. En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê."

Wanneer ons in die koerante lees en op TV sien wat mense aan mekaar doen, en sien hoe studente optree in die Fees-mustfall-opstande, dan besef ons dat mense nie omgee vir die grense wat God vir mense gestel het nie. En dat hulle geen agting het vir die kwaliteit van optrede en lewe wat God van ons verwag nie. Sulke gedrag van mense maak ons ook kwaad en opstandig. Maar dit mag nooit die aard van ons gedrag en die kwaliteit van ons lewe bepaal nie. As ek wil weet hoe my gedrag

en die kwaliteit van my lewe moet wees, dan moet ek voortdurend vra na die grense wat God vir mense gestel het en my gedrag daarvolgens inrig.

Daan Kilian.

WAT IS DIE BYBEL?

Elke Christen sal maklik op hierdie vraag kan antwoord dat die Bybel die Woord van God is. Soos ek dit verstaan, is die Bybel as Woord van God die bekendmaking van Wie God is. En een van die belangrikste waarhede wat die Bybel ons van God leer, is dat Hy mense geskep het vir wie Hy lief is en met wie Hy in 'n verhouding wil tree. Daarom leer die Bybel ons ook wie die mens is en hoe die mens in verhouding met God en met mekaar moet lewe.

Die Bybel leer ons ook dat God die Skepper is ... van die ganse heelal (die omvang waarvan ons nie kan begryp nie) en veral van die aarde waarop ons woon. En as ons mooi luister wat die Bybel sê, dan hoor ons ook hoe ons moet omgaan met die aarde en sy bronne: die grond en water en plante en diere. Ons hoor dat ons die skepping moet oppas en versorg en nie vernietig nie, soos ons mense besig is om te doen.

Nog 'n vraag wat belangrik is, is hoe ons as Christene omgaan met die Bybel. Om te vereenvoudig, dink ek daar is twee maniere: ons kan die Bybel probeer gebruik as 'n handboek waaruit ons allerlei leerstellings/dogmas aflei oor wie God is en wie die mens is **OF** ons kan die Bybel gebruik as 'n handleiding om die pad na God en ander mense te vind en hoe ons in gemeenskap met God en met ander mense moet lewe.

Ons kan dit ook anders stel: ons kan die Bybel óf gebruik as **dogmatiek-handboek** waaruit ons allerlei waarhede oor God en die mens aflei en dokumenteer, óf ons

kan dit gebruik as **lewensboek** waaruit ons leer hoe om met God en ons medemense om te gaan.

Wanneer ons te veel klem lê op die Bybel as **dogmatiek-handboek**, kan ons dalk verval in allerlei twiste oor God en die mens sonder om by God self en ons medemens uit te kom. Dan word ons godsdiens leergedrewe, soos dié van die Fariseërs van wie ons in die Nuwe Testament lees. Natuurlik kan ons baie oor God en mens leer uit so 'n dogmatiek-handboek, maar as ons die Bybel nie ook hanteer as **lewensboek** nie, sal ons nie werklik by God en mekaar uitkom nie.

Hoe ouer ek word, hoe meer besef ek hoe onmisbaar dit is om die Bybel ook en veral as **lewensboek** te benader en te benut om werklik lewe, inhoud, genade en liefde in ons godsdiens te bring.

Daan Kilian.

ALGEMENE SINODE

'n Buitengewone Algemene Sinode word van 7-10 November gehou waar die saak van verhoudings tussen mense van dieselfde geslag opnuut bespreek sal word. Ds Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die Algemene Sinodale Moderamen, gee perspektief.

Die moderamen het besluit om 'n buitengewone Algemene Sinode te hou oor die besluit van 2015 oor selfdegeslagverhoudings.

Dit is teen hierdie tyd duidelik dat die kerk diep verdeeld is oor die teologiese regverdigbaarheid van die 2015-besluit. Ek ontvang briewe oor die aangeleentheid van mense wat nie genoeg hulle waardering kan uitspreek vir die ruimte wat die kerk nou vir gay persone bied nie. Ek ontvang egter ook briewe van diegene wat met geweldige ontsteltenis te kenne gee dat hulle hulle distansieer van

die kerk se besluite oor die aangeleentheid.

Die hele kwessie oor die hantering van die besware teen die Algemene Sinode se besluit het veroorsaak dat die wesenlike debat ná die 2015-sinode nie voldoende gevoer is nie.

Die appélproses gaan nou voort en word deur die appélkommissie afgehandel. Hulle hanteer die tegniese apéle teen die 2015-sinode se werkswyse. Die besware en apéle op grond van teologiese oorewegings word verwys na die buitengewone algemene sinode.

Daar het oor die afgelope paar maande by my 'n paar perspektiewe al helderder geword.

1. Die hele wêreld is verdeeld oor die kwessie van homoseksualiteit.

2. Dit is dus nie die NG Kerk se Algemene Sinode wat die verdeeldheid veroorsaak het nie. Bykans elke mens het 'n opinie oor homoseksualiteit en min mense is nie seker dat hulle doodreg is nie.

3. Die noodsaaklikheid om aan die gesprek deel te neem, berus op die werklikheid dat duisende gay dooplidmate van die kerk en hulle families dikwels trauma beleef oor die standpunte van die samelewing en die kerk.

Hulle het by die doop die volle toesegging van God se trou en guns ontvang, maar oordeel dat die kerk nie die volheid van hulle menswees dienooreenkomstig wil erken nie.

Daarom, so meen hulle, word hulle effektief uitgesluit van die kerk of vind hulle dit moeilik om in die kerk tuis te kom. Hulle sê ook dat dit vir hulle groot pyn veroorsaak en hulle dikwels nie net vervreem van die kerk nie, maar ook van God. Met so 'n bewering kan dit nie anders dat 'n verantwoordelike kerk selfondersoekend dink nie.

4. Uit die debat in die NG Kerk leer ons dat daar twee duidelike teenoorstaande standpunte is wat beide ernstig probeer rekening hou met die eise van die Bybel.

Daar is diegene wat meen dat al die Ou-Testamentiese wette en reëls, selfs dié wat nog in die Nuwe Testament kop uitsteek as oorblyfsels van die Joodse skrywers se godsdiens-kulturele agtergrond, soos die hoede in die kerk en die eet van offervleis, deur Christus se leer en voorbeeld nuwe betekenis kry.

Hulle beweer dat daar reeds in die Ou Testament 'n beweging was van groterwordende insluiting en dat Christus hierop voortbou. Jesus definieer die grense van God se genade al wyer en wyer. Hy sluit al meer mense in.

Aan gelowiges wat homoseksueel is en met hulle volle menswees, insluitende hulle seksualiteit, God wil dien, moet dus ruimte gegee word. Dit is wat die Bybel leer, so meen hulle.

Hierteenoor staan die oortuiging dat die Bybel konsekwent negatief oordeel oor alle vorme van homoseksualiteit en homoseksuele gedrag. Dit sluit in die erkende praktyk van homoseksuele verbintnisse van die Nuwe Testamentiese tyd en nie net homoseksuele verkragting en misbruike nie.

Die afwysende lyn loop dwarsdeur die Bybel. In Paulus se denke oor die aangeleentheid speel sy Joodse agtergrond inderdaad 'n rol. Hy werk immers steeds met 'n Joods-Christelike etos. Soms bring Jesus radikale veranderinge of verruiming aan aan die Joodse beskouing oor kwessies, maar nêrens in die Bybel is daar 'n "regstelling" oor hierdie aangeleentheid soos in die geval van Paulus se opmerkings in Galasiërs 3:28 oor mans en vroue, Jode en Christene, slawe en vry mense nie.

Die Bybel het konsekwent niks goeds te sê oor homoseksualiteit nie. Daarom moet die 2015-standpunt van die sinode afgewys word.

Beide die groepe beroep hulle dus op die Bybel met sterk argumente dat hulle absoluut reg is.

5. Dit is vir my baie duidelik dat die sinode nie hierdie meningsverskille gaan oplos nie.

Na die sinode gaan die kerk en die samelewing steeds verdeeld wees. Mense sal nie sommer wegstap van hulle oortuigings nie.

Maar ons het nog oortuigings, onder andere dat die verbondenheid van gelowiges aan mekaar, juis ten spyte van verskille, 'n kragtige getuigenis lewer.

Ons kan van die situasie 'n getalleoorlog maak en kyk wie wen. Of ons kan verstaan dat niemand wen as die kerk in 'n anti- en pro-gay kerk verdeel nie. Ek hoor van niemand wat ten gunste is van skeuring nie.

Trouens, by die pas afgelope moderamenvergadering was die verbintenis tussen lede wat sterk van mekaar verskil om saam 'n pad te loop, op sigself 'n getuigenis. Daarom sal ons nou almal moet dink aan maniere om mekaar te vind.

Ons sal in 'n styl van gesprek en luister met mekaar moet omgaan. Dit help nie om mekaar verder te vervreem deur etikette om mekaar se nek te hang nie. Almal dink hulle staan by die Woord en die evangelie. Daar is volhoubare egte argument aan beide kante van die spektrum van menings.

6. Ek meen ons moet as vertrekpunt in ons beredenering oor homoseksualiteit die verbondsdoop neem.

Ek meen ook ons moet seker maak dat ons die huwelik as in-

stelling tussen een man en een vrou ten alle koste beskerm.

Ek meen ook dat ons die menswaardigheid van gay mense ten volle moet erken en nie hulle seksualiteit as sodanig verdag maak nie.

Oor gay-verhoudings moet ons genuanseerd praat. Ons doen dit immers ook met heteroseksuele verhoudings. Eers dan kan ons oordeel waaroor mense saamstem en verskil. En ons moet eers daarna praat oor die kerk se verpligting, al dan nie, om hierdie verhoudings amptelik te legitimeer.

Op die oomblik is my afleiding uit die talle en talle mense wat met my hieroor paar dat baie van ons uiters ongenuanseerd is oor die verskille tussen ons.

Ek het volle vertroue in die lidmate en leiers van ons kerk dat ons uiteindelik 'n weg sal vind om met integriteit, met ons verskille, saam kerk te wees. Daar is immers net te veel wat ons aan mekaar bind.

Kerkbode, 23 September 2016

SENDINGNUUS

(Ingestuur deur Betsie de Wet)

1. GEOPENDE DEURE

U VERANDER LEWENS IN VIËTNAM, EEN BYBEL OP 'N SLAG

As een van die vyf oorblywende kommunistiese lande in die wêreld, is Viëtnam 'n moeilike en gevaarlike plek om Christus te volg. Terwyl alle Christelike gemeenskappe kwesbaar is wanneer dit kom by swaar vervolging, ervaar bekeerlinge vanaf 'n Boeddhistiese agtergrond en lede vanaf nie-tradisionele Protestantse kerke dikwels die ergste behandeling.

Gelowiges staar tronkstraf in die gesig wanneer hulle van hul geloof getuig. En daar is 'n verbod op die druk van hul eie Bybels, veral in die tale van minderheidsgroepe.

Te midde van hierdie verdrukking,

word die kinders van vervolgte Christene ook erg geraak. By die skool word hulle deur ander kinders bespot, hul geloof word aangeval en teengestaan, hul punte ly en hulle word oorgesien wanneer studiebeurse toegeken word.

Maar danksy vriende soos u, het hierdie kinders nou 'n rede om te glimlag – want u ondersteuning het gehelp om hulle hul eie kopie van God se Woord te gee.

Deur die verspreiding van hierdie spesiale Kinderbybels, word kinders se harte en lewens verander!

Een van hierdie kinders is negejarige Hong An wat die Kinderbybel begin lees het toe sy minder as vyf jaar oud was. Sy het vertel: *"My gunsteling verhaal is Noag se ark. God het vir hom gesê om 'n boot te bou en hy het dit gedoen. God het vir hom gesê om sy vrou, kinders en al die diere saam met hom in die boot te neem en hy het dit gedoen. Hy het gedoen wat God vir hom gesê het om te doen. Noag het my geleer om God te gehoorsaam."*

Hong An het voorheen kwaad geword vir van haar skoolvriende, maar sy het gesê: *"Deur die Bybel, het God vir my gesê om te bid en hulle te vergewe voordat ek die onderwyser vertel."*

Nog 'n kind wat deur u ondersteuning geseën is, is 'n meisie in graad vyf genaamd Anh – 'n weeskind. Haar gunsteling Bybelverhaal is die Barmhartige Samaritaan..... *"Ons het nodig om mekaar lief te hê en mekaar te help ... Ek is lief vir hierdie boek, want dit wys my hoe om God te gehoorsaam, my voog te gehoorsaam en my onderwysers te gehoorsaam."*

In Hanoi het tienjarige Tuan gesê dat sy gunsteling verhaal gaan oor Simson omdat *"hy sterk was en ek my vriende kan vertel dat God ons krag gee."* Wanneer Tuan groot is, wil hy 'n evangelis word sodat hy ander van die Bybel kan vertel. Hy het gesê: *"Ek dink baie kinders soos ek sal van die verhale in my Bybel wil hoor."*

En dit is presies wat hierdie kinders gedoen het – hulle het

God se Woord met hul vriende gedeel sodat hulle Hom ook kan leer ken en liefhê.

Soos Hong An gesê het: *"Ek het my Kinderbybel met meer as tien van my vriende gedeel ... Ek wil hierdie Bybel deel, want ek weet dat God lief is vir my. Hy is altyd goed, en Hy help my altyd. Bid asseblief dat meer van my vriende in God sal glo."*

Dankie dus vir u gebede en finansiële ondersteuning. U help om die lewens van die volgende generasie van Christene in Viëtnam te verander, een Bybel op 'n slag.

IN DIE LOOPGRAAF

Op die aand van 27 Maart, na Paassondag kerkdienste, het Pakistani gesinne in parke en speelgronde byeengekom om te kuier. Maar in plaas van 'n tyd om saam met familie te ontspan, het die aand in 'n tragedie verander toe selfmoordbomaanvallers Iqbal-park aangeval het, en ten minste 74 mense gedood het – meesal vroue en kinders – en meer as 300 ander beseer het.

Sommige is op slag dood, en ander het later aan hul beserings in die hospitaal beswyk.

*"Dit was die dodelikste terroristaanval in die geskiedenis van Pandjab, Pakistan se digbevolkte, en grootliks Christelike staat. Dit was die dodelikste terroristaanval in Pakistan sedert die 2014 massamoord op 134 skoolkinders by 'n militêre akademie in Pesjavar, in die noordweste van Pakistan."**

Maande later probeer Pakistani's steeds om die stukke van hul lewens op te tel. Laat ons ons broers en susters in Pakistan voortdurend onthou en bid dat God hul harte genees en hulle gedurende hierdie moeilike tye versterk.

* *World Watch Monitor*. 'Pakistani Christians bury their dead after Easter massacre.' 31 Maart 2016.

WÊRELDWAARNEMINGSGLYS:

Pakistan was verlede jaar in die agtste posisie op die Wêreldwaarnemingsglys. Maar as gevolg van 'n toename in geweld en onderdrukking in 2015, het dié land na posisie ses gestyg.

Pakistan is een van twee lande in die wêreld met die meeste gerapporteerde dade van geweld teen Christene. Die harde behandeling van minderheidsgroepe, Christene inkluis, word grootliks beskerm onder die lasterwet, wat die meerderheidsgeloof bevoordeel en die vervolging van minderhede aanmoedig. Christenmeisies en -vroue ervaar ook elke dag geweld en word dikwels ontvoer, verkrag en gedwing om met 'n Moslem te trou en te bekeer tot Islam.

Posisie op die 2016

Wêreldwaarnemingslys: 6

Leier: Pres Mamnoon Hussain.

Bevolking: 192.8 Miljoen (3,8 miljoen Christene)

Meerderheidsgeloof: Islam.

Regering: Republiek

Hoofbronne van vervolging: Islamitiese Ekstremisme/georganiseerde misdaad en korrupsie.

Gebedsversoeke:

Bid vir die veiligheid van Christene in Pakistan wat onder die lasterwet aangeval word.

Bid vir die beskerming van Christenmeisies en -vroue in Pakistan, sowel as vir die genesing van diegene wat ontvoer, verkrag en gedwing is om met 'n Moslem te trou en te bekeer tot Islam.

Bid vir krag vir gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond, wat dikwels fisiek aangeval word en uit hul gemeenskappe en gesinne gegooi word.

Bron: Geopende Deure FRONTlinie Geloof - Julie 2016; **Adres:** Posbus 1771, Cresta, 2118; **Telefoonnr** 011 888 9341, **Faksnr:** 011 888 9362; **E-pos:** southafrica@od.org; **Web:** www.opendoors.org.za; **Bankbesonderhede:** Geopende Deure – Open Doors, ABSA; **Rekeningnr:** 160 340 568; **Takkode:** 632005

2. TRANSWÊRELD RADIO

AFRIKA

BLINDE GELOOF

Stella, 'n ma van vier, is vyftig jaar gelede met perfekte sig gebore. Sy was 12 jaar lank in die hoofstad van Malawi, Lilongwe, werksaam in 'n skryfbehoeftige kantoor om haar jong gesin te onderhou.

In April 2012 het 'n onbekende

siekte Stella skielik blind gelaat en moes sy haar werk bedank.

Voordat sy haar sig verloor het, was Stella 'n gereelde luisteraar na TWR se uitsendings. Haar blindheid het haar net verder gemotiveer om steeds getrouer te luister en veral na haar liefdingprogram, *Friday Night Live*.

Die radio en veral TWR se programme was vir Stella 'n onmisbare vennoot en vriend.

Op 'n dag het haar radio skielik opgehou werk en kon sy nie na haar geliefde TWR programme luister nie. Sy het dit só erg gemis dat sy haar bure oorgehaal het om hulle radio op haar programme in te stel. Dit het aanvanklik goed gegaan, maar later het haar bure gevoel dat sy nou 'n oorlas van haarself maak.

Stella was bedroef. Sy kort dringend 'n nuwe radio!

Een aand toe sy weer na die inbel program, *Friday Night Live* luister, skakel sy die ateljee en vra dat luisteraars namens haar vir twee sake moet bid. Eerstens, dat God haar sig herstel en tweedens dat sy 'n nuwe radio sal kry.

Een honderd kilometer buite Lilongwe hoor mnr en mev Nkhona haar gebedsversoek oor die lug. Dié egpaar het geroepe gevoel om haar te help al het hulle niks omtrent haar geweet nie behalwe dat sy 'n radio benodig. Hulle koop toe 'n radio en tref reëlings met TWR Malawi sodat sy hulle daar ontmoet.

So word blinde Stella se hartsgebed beantwoord! Sy was oorstelp van vreugde! "*Ek kon nie glo dat iemand vir my 'n radio gekoop het nie!*" Sy was so dankbaar teenoor die Nkhona egpaar. Hulle het in liefde na haar uitgereik.

Toe sy gevra is hoe sy Bybelstudie doen en stiltetyd hou, het Stella verduidelik dat sy totaal aangewese is op audio materiaal omdat sy nie Braille magtig is nie. Sy sou graag 'n volle audio Bybel wou hê sodat sy beter kan studeer en meer omtrent haar Verlosser en Heler kan leer.

"*Ek weet dat God my sal genees en by magte is om my sig te*

herstel," vertel Stella, "*maar miskien wil Hy hê dat ek eers net Sy Woord moet aanhoor deur die radio.*"

LÜNEBERG SKOOL ONDERSTEUN TWR!

Die klein Duitse skool in Lüneberg in Noord KwaZulu-Natal is miskien klein in getal, maar hulle harte is groot!

Nadat hulle die TWR-kantoor vroeg in 2016 in KZN besoek het, het die graad sewes, wat TWR se bediening verstaan, met 'n wonderlike fondsinsamelingsuitdaging vorendag gekom. Skoolhoof Inge Engelbrecht het navraag gedoen oor 'n projek waarop hulle kon fokus en sy en haar leerders het besluit om ***Ithemba Labantwana*** ("Hoop vir ons kinders") te ondersteun. Die program is gemik op Zoeloe-kindere.

Die kinders is van pamflette voorsien en fondsinsamelingstate vir die aantal rondtes wat hulle om die sportbaan kan doen, is uitgedeel. Eberhard Haberkorn het die skool op 24 Junie besoek. Dit was die dag waarop die wedloop plaasgevind het. Dit was ook die laaste skooldag voor die vakansie 'n aanvang geneem het.

Die kinders het eers in die kerk bymekaar gekom vir 'n erediens. Eberhard het by die geleentheid aan die kinders vrae gevra en ook foto's van ouerlose kinders vertoon. In sulke huise moet die kinders maar self sien-kom-klaar.

Na die erediens is die kinders na die sportveld, gereed vir die wedloop. Hulle is in drie groepe verdeel. Die pretloop het bestaan uit die voltooiing van 'n legkaart en verskeie uitdagings terwyl hulle ook op die veld verkeer het.

Aan die einde van die pretloop het almal in die vierkant vergader waar hulle gesmul het aan 'n warmbrak en rapporte ontvang het. Die skoolhoof het die resultaat van die fondsinsamelingspoging aangekondig. Dit was 'n merkwaardige R20 000 wat nou kan aangewend word om die radioprogramme na die kinders van KZN te bring!

Lüneberg skool, baie dankie vir julle uitstaande poging! Julle getalle is klein, maar julle maak

'n groot verskil in die lewe van baie ander. TWR is geseënd om julle as vriende te hê.

Het julle al daaraan gedink hoe jou skool, maatskappy of organisasie 'n projek kan aanneem om so-doende fondse vir TWR se uit-sendings in te samel?

Bron: **Golflengte** - nuusbrieff van TWR-Afrika, Augustus - Oktober 2016; **Adres:** Posbus 588, Bothas Hill, 3660; **Telefoonnr** 031 777 6000, **E-pos:** golflengte@twr.org.za; **Bankbesonderhede:** TWR-Afrika, Standard Bank, **Rekeningnr:** 01 193 294-5; **Takkode:** 011 545

KERKHERVORMING

Een-en-dertig Oktober 1517 word beskou as die geboortedag van die Kerkhervorming toe Maarten Luther sy 95 stellings aan die kerk-deur van die slotkerk in Wittenberg gespyker het as protes teen die leerdwalings van die Rooms Katolieke Kerk. Hierdie daad het 'n magtige beweging aan die gang gesit wat bekend is as die Protestantse Kerkhervorming. Dit het selfs 'n sg Teenhervorming in die RKK aan die gang gesit wat ook in die RKK baie hervormings meegebring het.

Elke jaar op 31 Oktober vier ons weer dié gebeurtenis uit dankbaarheid dat Luther en baie ander begaafde hervormers die Bybel weer teruggegee het in die hande van elke kerklidmaat sodat hy/sy self weer die Bybel kan lees. Ons vier dié dag uit dankbaarheid teenoor die Here dat Hy 'n klomp toegewyde en bekwame mense gebruik het om sy Woord weer in ons eie hande te plaas sodat ons self kan lees van die 3 groot waarhede wat die Hervorming weer na vore gebring het: genade alleen, geloof alleen en die Skrif alleen. Elke keer wanneer jy jou Bybel lees, dank die Here vir die gawe van die Hervorming.

Daan Kilian.

DENKE BEÏNVLOED JOU LEWE

Filippense 3:8

Ek het baie keer vir die atlete wat ek afgerig het, vertel dat hulle in hulle wedlope hardloop soos wat hulle die week geoefen het. As jy hard werk in die week en jou oefening ernstig opneem, sal jy daar-

volgens presteer. Die tye wat jy hardloop, reflekteer jou werk op die baan.

Ek voel dieselfde oor my kop en my denke. Dit wat ek dink, beïnvloed my lewe. As ek die hele tyd negatiewe gedagtes dink, gaan dit my lewe negatief ver-ander. Wat in my kop aangaan, gaan in my lewe oorspoel. Die spreekwoord sê mos duidelik vir ons, wat die hart van vol, is loop die mond van oor.

Paulus leer vir ons in hierdie teks om ons gedagtes te fokus op die waarheid. Wees eerlik in jou optrede en wandel met mense. Leef eerlik in jou transaksies en besigheid. Leef ook eerlik teenoor God. Erken Hom as die God van die heelal, en leef 'n lewe wat jou geloof weerspieël. Met ander woorde, as 'n gelowige, moet jy eerlik wees. Paulus vra dat ons ook rein sal lewe. Reinheid staan hier in direkte kontras met alles wat sleg en besmet is van sonde. Verder hoor ek dat ek ook my gedagtes moet rig op dinge wat mooi is. Wanneer iemand opreg praat of optree, is dit die moeite werd om te luister en ag te slaan op wat hy doen. Neem kennis van mooi dinge in die lewe en ondersteun dit. Deur mooi dinge te waardeer, voed jy jou gedagtes positief, wat weer 'n invloed het op jou lewe.

Hierdie vers maak ons bewus van ons gelowige uitkyk en leefstyl. As kind van God kan ek nie getuig dat ek 'n Christen is, maar ek doen nie bogenoemde nie. Sondes soos oneerlikheid, om te steel, moord, vervalsing en leuens, pas net nie by die christelike leefstyl nie. Paulus doen 'n beroep op die mense van Filippi om hierdie leefstyl te volg sodat hulle die getuienis van die evangelie sal uitdra.

Leef eerlik en rein voor die Here, maar meer nog: laat dit waarop jou gedagtes gefokus is, oorloop in jou lewenswandel.

Marietjie Joubert, e-kerk webwerf, 15 Augustus 2016.

--- 000000 ---

PRAAT GOD NOG MET ONS?

If we never have headaches through rebuking our children, we shall have plenty of heartaches when they grow up. –

C.H. Spurgeon

'n Leser het vir Billy Graham gevra hoe God vandag met ons praat. Of praat Hy nie meer met ons nie? God het die vermoë om met ons te praat, al is dit nie in 'n hoorbare stem nie. Hy kan met ons op 'n verskeidenheid maniere praat: deur gebed, deur die Bybel, deur die geloofsgemeenskap. Dit is enkele voorbeelde. Hy sê dat dit moontlik vir God is om met ons met 'n hoorbare stem te praat, maar meestal gaan dit eerder oor 'n diep innerlike oortuiging van God se wil. Ander gelowiges kan ons bemoedig en ons help om sy wil te verstaan.

Maak nie saak watter manier God gebruik om met ons te kommunikeer nie, ons sal weet dat Hy ons liefhet en weet wat die beste vir ons is. En Hy wil hê dat ons dit moet weet. God woon in ons deur sy Heilige Gees, onder andere, om ons te lei.

Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou (Psalm 32:8).

Die Bybel is die direkte manier vir gelowiges om God se stem te hoor. God wil met ons praat. Daarom het Hy aan ons die Bybel gegee as instrument om Hom beter te ken en te verstaan wat sy plan vir elkeen van ons is. Daarom is dit belangrik om nie net te praat as ons met God kommunikeer nie – ons moet veral luister. Ons moet fokus op wat God reeds vir ons gesê het en hoe ons dit van toepassing op ons lewens moet maak.

Ons moet ook nooit die belang van gelowige vriende onderskat nie. Hulle bemoedig ons, daag ons uit en stel ons reg as ons afdwaal.

Coen Slabber se blog, 13/08/2016

TREINTJIE



Op 12 Oktober het ons weer 'n keer die Treintjie-uitstappie aangebied. Baie van die staatmakers van die verlede is nie meer in die gemeente nie en ander het kwinte en kwale gehad wat verhoed het dat hulle meedoen. Maar daar was genoeg mense om lekker saam te kuier en mekaar beter te leer ken. Ek het juis twee van die nuwer dames in die gemeente gevra om vir ons kommentaar te lewer oor die gebeurtenis.

Hier volg Ester Botha se kommentaar:

Eindelik na slapies aftel, breek die dag dat ons gaan treintjie ry, aan.

Daar aangekom kry ons tee en kolwyntjies. En toe begin die lekkerte. Daar word gevra "Wie wil op die treintjie ry?" Ons laat ook nie op ons wag nie en bestorm die trein soos opgewonde kinders. Die treintjie trek met n gefluit weg en ons klou vir lewe en dood want hier kom 'n ding. Ons giggel soos bakvissies want dit is groot pret en ons geniet dit terdeë.



Terug by die stasietjie word ons begroet met die reuk van wors wat

braai. Ons sit skaars met n koel-drink of ons hoor van die treintjie se kant af of ons weer wil ry. So ry ons nog twee keer en voel half teleurgestel dat dit nou tot 'n einde gekom het.

Maar dit was die einde niet, want na elkeen 'n worsrol geëet het, hoor ons weer of ons nie vir oulaas 'n keer wil ry nie. Natuurlik, wie sê nou nee vir so 'n lekkerte. Daar gaan ons toe weer vir oulaas al met die meer langs, oor bruggies en al fluitend deur die tunnel. Wat 'n fees!

Terug by die stasie smul ons aan 'n roomys in 'n horinkie en toe is dit tyd vir huis toe gaan, na 'n baie lekker dag van kind wees.



Nou wag ons maar vir volgende jaar se lekkerte en dan sal ons maar weer die slapies tel tot die rit op die treintjie. Lekker man, lekker. Baie dankie vir almal wat moeite gedoen het sodat ons weer 'n lekker dag van kindwees kon geniet.

En wat het Bettie te sê?

Op Woensdagoggend, 12 Oktober, vertrek ons opgewonde na die plek waar ons treintjie ry. Daar gekom, is ons welkom geheet met 'n vriendelike "goeie more", 'n koppie koffie/tee en muffins. Toe begin ons kennis maak en gesels asof ons mekaar al jare ken.

Die trein fluit om aan te kondig dat ons moet plekke inneem. Wat 'n wonderlike ondervinding! Die geklik-klak van die wiele op die spoor. Die rit deur die plantegroei, die eende en kiewiete langs die spoor en in die dam. Die fluit van die trein deur die tunnel. Ek was vir 'n wyle weer kind.

Terug by die stasie, volg die ete met 'n tamaai worsbrood en heer-

like sous. Ek kon ook sê : "Ek het my bek gerek." Moenie praat van die roomys nie!!!



Tussendeur het ons ywerig items soos blommetjies, skuifspelde, muntstukke, ens geplak op kaartjies met 'n bypassende sêdingetjie daarop, wat later in die jaar gebruik sal word.

Toe moes ons groet tot 'n volgende keer.

Bettie van Staden.

LENTEDAG 9 OKTOBER

Op lentedag het Magda Baard die gemeente verras deur vir elke dame 'n ruikertjie aan te steek. Magda, baie dankie vir die mooi gebaar. Sy het ook vir ons heerlike eetgoed voorsien.

ONS TUINE

Het u al opgelet dat die voorkoms van ons tuine besig is om te verander? Is dit dalk feetjies wat in die nag met hulle kwaste inspring? Nee! Die geheim is nou uit. Ons het hulle op heterdaad betrap en die getuie op kamera vasgelê. Baie dankie aan Magda Baard en Antoinette. Dis vir ons lekker om na die mooi tuin te kyk.



LIEF EN LEED

Soos gewoonlik is daar hierdie maand weer 'n lys name van mense wat siek is vir wie voorbidding gevra word. Bid asb vir:-

Graça Pienaar se herstel en ook vir haar man, Dan.

Berry Olivier wie se arm in 'n skouerverband is agv 'n geskeurde skouerspier.

Lai Kloppers wat geval het en nou 'n stut aan haar voorarm dra.

Ollie Olckers wat by die dood omgedraai het agv 'n gewas op sy nier. Daar is darem nou weer beterskap.

Die moeder van Tielman Nieuwoudt wat kanker in haar gesig het.

Anton Bekker op wie 'n skandering gedoen is om die effek van die chemoterapie te bepaal. Hy het goeie nuus gekry hoewel nog bloedtoetse gedoen moet word.

Dolf en Mariaan Ellis wat 'n moeilike tyd deur is. Mag daar 'n meer rustige tyd vir hulle kom.

Mara en Bert Steyn vir die gesondheidsprobleme wat hulle ervaar.

Steve Otto wat 'n noodoperasie moes ondergaan agv bloeding in sy kolon maar darem weer tuis is.

Kobus van Heerden wat geopereer is vir 'n gewas agter sy oor. Die apparaat wat sy gehoor moet herstel, word eers in Nov/Des aangeskakel. Bid dat dit 'n sukses sal wees.

Martin Odendaal wat na sy ernstige siekte weer medies ondersoek is en die groen lig gekry het om weer te werk. Bid vir 'n goeie aanpassing na 'n lang siekte.

Martin Ferreira wat 'n groot nekoperasie op 25 Okt ondergaan het. By druktyd het ons nie verdere nuus gehad nie.

Tiaan, seun van Daleen en Chris

Pienaar, wat by Messina boer, het saam met sy gesin 'n moeilike tyd op die plaas ervaar agv misdadige bedrywighede. Dit klink of dit tans rustiger gaan. Bid steeds vir hulle.


Wynand Badenhorst, vroeër van die Parke, het gesterf. Bid vir sy dogters Santa en Lisbé en familie.

Tannie Sarie Nel wat vir baie jare lidmaat van ons gemeente was, is op 21 Oktober in die ouderdom van 90 jaar oorlede. Bid asb vir Hermien (by wie sy gebly het) en die ander kinders en familie.

Ds Jan Human wat vroeër leraar was van Moedergemeente, is ook oorlede.

Ons kan darem ook berig oor lief: Piet en Annette Olivier se seun, Jaco, is getroud met Hester Oosthuysen van die Laerskool Louis Leipoldt. Baie geluk aan die egpaar en die ouers aan beide kante.

Nog 'n stukkie lief is dat di Gideon en Petro se dogter, Zeiti, op 22 Oktober in die Kaap getroud is met Gavin Weir. Ons wil hulle en ons leraarspaar van harte gelukwens met die geleentheid. Mag dit vir julle almal baie vreugde bring in die toekoms. Ons plaas 'n foto van die egpaar.

**Finesse Bookkeeping**

- Full monthly bookkeeping services up to Trail Balance, including customers & suppliers.
- Submitting of VAT returns (VAT201).
- Monthly payroll services.
- Submitting of PAYE, SDL & UIF returns (EMP201).
- Monthly declaration to UIF & bargaining council.
- EMP501 Reconciliations and Submissions.
- Submitting of individual Income Tax Returns.

**Contact Cornel Vorster @
082 859 6679 or**

email

accounts@finesseb.co.za

ZERO BOOMSLOPINGS

BOOMSLOPINGS EN SNOEI
VAN BOME EN STRUIKE.
ONS VERSKAF OOK
KAGGELHOUT



KONTAK ERNST

083 656 4992

www.treecarepta.co.za

www.boomslopings.co.za